

Maandag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 9:1-8

Fokusgedeelte: Matteus 9:6

Gesing – vrede met God

Maar sodat julle kan weet dat die Seun van die Mens volmag het om op aarde sondes te vergewe ... sê Hy toe vir die verlamde: “Staan op, tel jou slaapmat op en gaan na jou huis.”

Hierdie deel sluit dadelik aan by hoofstuk 8, waar ook die verband tussen wondergenesing en sondevergewing op die voorgrond staan. Op 'n baie besondere manier trek hierdie deel daarin saam daarin dat Jesus in die boot geklim, na die oorkant gevaar en in sy tuisdorp aangekom het. Daar het hulle 'n verlamde man wat op 'n slaapmat lê, na Hom gebring. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Hou moed, kind, jou sondes word vergewe.”

Dadelik het die Skrifgeleerdes sommer veroordeel en gesê dat Hy laster. Om vir hulle duidelik te maak hoe naby aan mekaar genesing en sondevergewing lê, stel Jesus die vraag aan hulle: Wat is makliker, om te sê “Jou sondes word vergewe,” of om te sê “Staan op en loop”?

Jesus is nooit die reg om gesond te maak, ontnem nie, en soos sy dissipels het ook die Fariseërs geweet dat Jesus meer as net 'n buitengewone mens was en dat Hy kon genees deur net te spreek. Die twee bevoegdhede, naamlik genesing en sondevergifnis, hoort bymekaar. As dit net gaan oor iets wat gesê word, is dit makliker om te praat oor sondevergewing, terwyl niemand dit kan kontroleer nie. By genesing is daar sprake van 'n kontroleerbare magsdaad – sigbare genesing. Die sondevergifnis is as't ware 'n vooruitsien van “jou sonde word vergewe” terwyl genesing tot sondaar gerig word in die woorde “staan op en loop.” Toe hulle dit sien, is hulle met diep ontsag vervul, en hulle het God, wat sulke gesag aan mense gee, geprys.

Sing: Skrifberyming 33 (2-4):2

Ds. MP Fourie (MP) (emeritus)